# CALVYN EN ONDERDANIGHEID TEENOOR DIE STAATSOWERHEID

*Die Owerheidsamp.*

Dis 'n grondstelling van CALVYN[1]) dat alle mag en gesag op aarde afgelei is en uiteindelik van God kom: daar is dus geen mag wat nie deur God verorden is nie. Die Here is die Koning van die konings: wanneer Hy sy heilige mond oopgemaak het, moet Hy alleen voor en bo almal gehoor word. Verskeie bewysplase word uit die Bybel aangehaal. PAULUS leer bv. dat die mag van die owerheid 'n verordening van God is en dat daar geen mag is wat nie deur God verorden is nie (4).[2]) Die owerheid is inderdaad Gods stedehouer (plaasvervanger) en regeer deur sy weldaad (3, 6 en 9).

CALVYN verwerp die opvatting dat die ware Christen geen staatsowerheid nodig het nie (1). Hy onderskei drie dele van die staat: 1. D i e o w e r h e i d, wat die wette beskerm en bewaar; 2. d i e w e t t e, waarvolgens die owerheid regeer; en 3. d i e v o l k, wat deur die wette regeer word en die owerheid moet gehoorsaam.

Die Here het nie alleen betuig dat die amp van die owerheid Hom aangenaam en welbehaaglik is nie, maar Hy het bowendien sy waardigheid met baie eervolle lof vermeld en dit ons wonderbaar aangeprys (4). Die vorste[3]) is dienare van God: dié van hulle wat goed doen, doen dit tot lof van God; diegene wat kwaad doen, tot wraak. Daarom mag dit vir niemand twyfelagtig meer wees nie dat die burgerlike mag 'n roeping is nie: dis nie alleen vòor God heilig en wèttig nie, maar ook baie gewy en in die hele lewe van die sterwelinge is dit verreweg die mees eervolle van almal (4). Diegene wat die owerheid belaster, belaster God aangesien die owerheid Gods stedehouer is. As hulle die owerheid verwerp, verwerp hulle God, sodat Hy nie oor hulle sal regeer nie . . .

---

[1]) Dit moet beklemtoon word dat hierdie onderwerp bloot van 'n staatkundige standpunt benader word. Sien oor die bybels-teologiese sy van die onderwerp B. GEMSER, *Eerbied vir die owerheid as eis van Gods Woord*, Almanak v. d. Ned. Herv. Kerk van Afrika, 36ste jaarg., 1942, bl. 33–56.

[2]) Alle verwysings insake die geskrifte van CALVYN is na JOHANNES CALVYN: *Institutie*, vertaal deur dr. A. SIZOO (uitgewer: W. D. Meinema, Delft). Die Arabiese syfers (1, 2, 3 ens.) slaan op die genommerde paragrawe van hoofstuk XX, van Boek IV in Deel III van b.g. vertaling.

[3]) Ons moet onthou dat vorste destyds vry algemeen in Europa was. Daarom praat CALVYN so dikwels van „die vors" of „die koning" waar ons vandag liewers die uitdrukking „owerheid" sou besig. Wat dan hier gesê word van die vors geld netsowel vir die owerheid.

Bowendien is onder die owerhede self, ofskoon daar verskillende gestaltes is, tog geen enkele onderskeid in soverre dat ons almal moet eerbiedig as deur God georden. Want PAULUS vat hulle ook almal saam wanneer hy sê (Rom 13: 1) dat daar geen mag is dan van God nie (7).

In breë trekke kan die funksies van die owerheid gegee word. Een taak is om te sorg vir die stoflike belange van die mens; reg en geregtigheid moet gehandhaaf en geweld onderdruk word; kwaaddoeners moet gestraf word (8). Die owerheid kan ook die land beskerm teen aanvalle (11), militêre diensplig invoer (23), oorlog voer, verdrae met naburige state sluit (12) en belastings hef om al hierdie funksies uit te voer en volgens status te leef (13). Verder moet die owerheid ook toesien dat daar geen afgodediens, heiligskennis van Gods naam, ens., geskied nie. Vroomheid en Gods reg moet gehandhaaf word om Sy eer te beskerm (3 en 9).

Waar so 'n verhewe plek aan die owerheid toegeken word, is dit vanselfsprekend dat besonder groot verantwoordelikheid daarmee saamgaan. Die pligte van die owerheid interesseer ons egter nie in hierdie geskrif in die eerste instansie nie. Ons sal volstaan met 'n enkele aanhaling: „Watter groot ywer tot eerlikheid, versigtigheid, sagmoedigheid en onskuld moet hulle (die owerhede) nie op hulself lê nie, as hulle weet dat hulle gestel is tot dienare van die goddelike geregtigheid! Hoe sal hulle so onbeskaamd wees om ongeregtigheid tot hul regterstoel toe te laat as hulle hoor dat dit die troon van die lewende God is?" (6).

*Die onderdanigheid van die onderdaan.*

Solank die volk deur 'n goeie owerheid of vors regeer word, kom die plig tot onderdanigheid nie juis in die gedrang nie. Maar, wat daarvan as die onderdane deur tiranne en bose owerhede onderdruk word? Op hierdie punt is CLAVYN baie duidelik en beslis.

Hy wys daarop dat 'n mens in byna elke eeu vorste kry wat ywerig is vir hulle eie voordeel, wat alle regte, voorregte, ens. te koop aanbied; wat die arme volk van sy geld beroof, om dit later te verkwis; wat huise plunder en maagde en vroue onteer; wat onskuldiges doodmaak en straatrowery pleeg (24). Om hierdie rede, vervolg CALVYN, is daar baie wat nie oortuig kan word dat 'n mens sulke persone as vorste moet erken nie: hulle is so ontaard dat 'n mens geen gedaante van Gods beeld in hulle kan sien nie (24).

Sulke persone soos hierbo beskryf beskou CALVYN as rampe en sê dat die Skrif hulle beskryf onder die vloeke van God — maar die onderdane moet aan hulle dieselfde eerbied en agting toedra, virsover dit die openbare gehoorsaamheid betref, wat hulle aan 'n baie goeie koning sal moet toedra (25). „Ons sal nie aarsel om die allerslegste tiran so 'n eerbied toe te dra, as die Here hom waardig gekeur het nie" (26). „Maar, sal u sê, die owerheid het wederkerige verpligtings teenoor hul onderdane. Dit het ek reeds erken. Maar, indien u daaruit opmaak dat 'n mens

alleen die regverdige owerhede gehoorsaamheid hoef te betoon, dan redeneer u dwaas . . . Daarom, indien ons deur 'n hardvogtige vors wreed geknel word of deur 'n hebsugtige of weelderige (vors) beroof en geplunder word . . . dan moet in die eerste plek die herinnering in ons opkom aan ons sonde, wat sonder twyfel deur sulke gésels van die Heer gekasty word. Dan sal ootmoedigheid ons onlydsaamheid beteuel" (29).

Hierdie eerbiedige en vrome gesindheid is ons tot die uiterste toe verskuldig aan al ons owerhede, hoedanig hulle ook mag wees. Die persone wat sulke poste beklee, het God met 'n onskendbare majesteit ingegraveer (29).

Maar, vir die enkeling is daar een groot voorbehoud wat betref sy gehoorsaamheid teenoor die vors of die owerheid: ons moet God eers gehoorsaam, want aan sy wil behoort alle vorste en owerhede onderworpe te wees — voor sy besluite en voor sy majesteit moet alle septers buig. Die Here is dus die Koning van die konings. Indien die vors iets beveel wat teen God ingaan, dan moet dit nie getel word nie. En ons moet ons nie in so 'n geval bekommer oor al die waardigheid waarmee die owerhede beklee is nie, want aan hierdie owerheid geskied geen onreg as hy bedwing word onder die besondere en waarlike oppergesag van God nie (32).

Daniel getuig bv. dat hy nie teen die koning gesondig het toe hy nie aan sy goddelose bevel gehoorsaam het nie. Petrus het gesê dat ons God meer moet gehoorsaam as mense (Hand. 5: 29). God eis dat ons liewers sal ly as dat ons sal afwyk van die vroomheid. Paulus (I Kor. 7: 23) sê dat ons daarom deur Christus vir so 'n prys gekoop is . . . sodat ons geen diensknegte sal word van die slegte begeertes van die mense nie, en nog minder onderworpe sal wees aan hul goddeloosheid (32).

Dis dus duidelik dat die plig van die onderdaan is om onderdanig te wees. Met een uitsondering: hy het die plig van nie-gehoorsaamheid as die owerheid hom iets beveel wat indruis teen die bevel van God. M.a.w. in so 'n geval moet hy die bevel van die owerheid verontagsaam en ly wat daarop volg. Merk op: wat die enkeling betref is dit alleen lydelike verset, nie aktiewe verset nie.

*Die reg van die verset.*

Ons het gesien dat die burger of onderdaan as enkeling hoogstens die reg van lydelike verset het. Om te kan bepaal wanneer tot aktiewe verset oorgegaan kan word, moet verskillende faktore en omstandighede in aanmerking geneem word. Tot 'n sekere mate hang dit van die betrokke regeringstelsel af.

So sê Calvyn bv. „Net soos ek graag erken dat geen vorm van bestuur gelukkiger is as daardie, waar 'n behoorlik gematigde vryheid is wat op die juiste wyse tot bestendigheid ingerig is nie, so ag ek hulle die gelukkigste, wat hierdie toestand mag geniet; en indien hulle flink en standvastig werksaam is om dit te bewaar en te behou, gee ek toe dat hulle

niks anders as hul plig doen nie. Ja, selfs moet die owerhede hulle met die grootste naarstigheid hierop toelê, dat hulle nie duld dat die vryheid, vir die beskerming waarvan hulle aangestel is, in enige opsig verminder, laat staan geskend word nie. Indien hulle daarin te nalatig en te weinig besorg is, is hulle troueloos in hul amp en verraaiers van hul vaderland." (8).

'n Mens kan dit byna nie in krasser taal stel nie, nl. dat bv. verkose verteenwoordigers of staatshoofde wat die vryheid van die volk inkort „troueloos in hul amp" en „verraaiers van hul vaderland" is. Wat dus van sulke persone verlang word is dus dat hulle hul plig nougeset sal nakom en, as hulle die volk verteenwoordig, mag hulle nie die gesag alles in hulself konsentreer nie.

Dan kan ons 'n ander geval kry, waar 'n vors of staatsman sy magte of bevoegdheid te buite wil gaan. In hierdie geval is dit die plig van die persone, wat daar gestel is om so 'n vors by te staan, om hom teë te gaan. CALVYN sê dat, indien daar volksmagistrate (ons sou waarskynlik vandag sê volksverteenwoordigers) aangestel is om die willekeur van konings te bedwing (soos die efore by die Spartane, die volkstribunes teenoor die Romeinse konsuls, die standevergaderings in CALVYN se tyd) dan moet hulle in ooreenstemming met hul plig die woedende ongebondenheid van die konings teë gaan (31). CALVYN se sienswyse is dat, indien sulke volksmagistrate sulke dinge deur die vingers sou sien, wanneer die konings met geweldadigheid optree en die arme volk knel, dan veins die magistrate as hulle dit nie opmerk nie en hulle is dus nie vry van misdadige troueloosheid nie, want dan verraai hulle bedrieglik die vryheid van die volk, waarvan hulle weet dat hulle daardie volk volgens die ordinansies van God behoort te beskerm (31).

Weer, let op die krasse taal wat CALVYN teenoor sulke mense besig.

In lande waar daar konstitusionele regerings bestaan (soos in Wes-Europa en die nuwe volksplantings) kan die kwessie van aktiewe verset teenoor die owerheid noueliks ter sprake kom as die volksverteenwoordigers (of volksmagistrate) hulle plig doen.

CALVYN self het ook al gaande alhoemeer voorkeur aan konstitusionele regering gegee. Aanvanklik was hy ten gunste van 'n „aristokratiese" regeringsvorm of 'n mengsel van aristokrasie en demokrasie (burgerlike regering). Na sestien jaar van verdere waarneming, het hy sy sienswyse gewysig. Hy het hom nou ten gunste van konstitusionele regering verklaar sodat, indien iemand hom meer gesag toeëien as wat regmatig is, hy aan bande gelê kan word. Teen die end van sy lewe het CALVYN verteenwoordigende regering deur middel van algemene instemming vanweë die publiek voorgestaan in die Kerk sowel as in die Staat — dit het hy gesê is die verkieslikste van almal. Hy het ook gesê dat, indien 'n vors sy amp deur oorerwing verkry, klop dit nie met die vryheid nie. Toe sy volgelinge later deur outokratiese vorste in Frankryk en in die Nederlande vervolg is, het CALVYN voor sy dood konstitusionele

verset voorgestaan: hierdie verset moet gelei word deur die magistrate of verteenwoordigers wat aan God en die volk verantwoording verskuldig is. So 'n verset van die kant van die stande of parlemente is sowel konstitusioneel as wettig aangesien dit op die Bybel gebaseer is, 'n staatkundige ooreenkoms, die eed wat die vors met sy kroning aflê en ander wette.[4])

Maar daar is nog die geval waar die volk eenvoudig deur 'n dwingeland, 'n outokraat of 'n diktator onderdruk word; 'n geval waar die volk geen volksmagistrate of volksverteenwoordigers het nie. Wat daarvan?

God het deur sy wonderbare voorsienigheid en goedheid ook voorsiening gemaak vir die bevryding van 'n verdrukte volk. „Want nou weer verwek Hy uit sy diensknegte manne, van wie dit duidelik is dat hulle redders is en voorsien hulle van sy bevel om 'n misdadige regering te straf en om die volk wat op onregverdige wyse verdruk word uit sy jammerlike ellende te bevry" (30). Byvoorbeeld: Moses ten tye van Farao se oorheersing; Othniël teen die koning van Sirië, ens. Hy gebruik selfs heidene om dit te doen (sonder dat hulle daarvan weet en selfs teen hulle sin). Sulke persone wat die volk red, word deur 'n wettige roeping van God opgewek. As hulle die wapens opneem teen die konings, skend hulle nie die majesteit nie (want dis deur Gods ordinansie aan hulle gegee) (30). „Daar hulle uit die hemel gewapen is, het hulle die mindere mag deur 'n meerdere bedwing, net soos dit die konings geoorloof is om hul stadhouers te straf" (30). God het nog altyd sy werk volvoer — die bloedige septers van onbeskaamde konings het Hy verbreek en ondraaglike dwingelandy omvergewerp. Laat die vorste hiervoor skrik (31).

Dis dus duidelik dat CALVYN in alle gevalle van tirannie en onderdrukking die moontlikheid van verset in die vooruitsig gestel het. Dis egter nie so maklik om te bepaal wanneer die juiste tydstip aanbreek wat aktiewe verset regverdig nie; netso ook kan daar heelwat verskil van mening ontstaan oor wanneer sulke leiers van die verset „uit die hemel gewapen is" — veral wanneer 'n mens met 'n gemengde bevolking te doen het wat aan verskillende gelowe behoort. Laat ons egter 'n bietjie stilstaan by enkele voorbeelde om die praktiese uitbouïng van CALVYN se opvattings toe te lig.

*Verset by die Hugenote.*

In Frankryk het daar 'n bloedige stryd gedurende die laaste helfte van die sestiende eeu ontstaan. Behalwe die berugte bloedbad van St. Bartholomeusnag is die Hugenote grootskeeps vervolg, gemartel en uitgeroei. In hierdie stryd om lewe en dood het die Hugenote hul standpunt

[4]) E. F. W. VAN PITTIUS: *Die Staatsteoriee van Calvyn*, blss. 13–14, Pretoria, Van Schaik.

geformuleer. Die bekendste werk van daardie tyd, wat orals waar daar 'n geloofsverset aan die gang was, aangehaal is, is die beroemde *Vindiciae contra Tyrannos* (of Handhawing van Beginsels teenoor Tiranne)[5]) geskryf deur 'n skrywer onder die skuilnaam STEPHANUS JUNIUS BRUTUS, wat waarskynlik DUPLESSIS-MORNAY is en wat 'n belangrike rol later tydens die opstand in Nederland gespeel het.

Onder andere is die volgende vrae pertinent in die *Vindiciae* gestel:

1. Is dit die plig van die onderdaan om 'n vors te gehoorsaam wat bevele teenstrydig met Gods wet gee? Net soos deur CALVYN, is hierop „nee" geantwoord. Dit beteken m.a.w. lydelike verset.
2. Is dit geoorloof om weerstand te bied teen 'n vors wat Gods voorskrifte verkrag en die Kerk vernietig? Indien wel, tot watter mate en wie moet die verset lei?

Merk op dat ons hier met aktiewe verset te doen het. Die vraag is bevestigend beantwoord. Maar hierdie reg van verset berus nie by die enkeling nie maar wel by die volksmagistrate of by die ander liggame waarin die volk georganiseer is.

3. Is dit geoorloof om te verset teen 'n vors wat die staat vernietig en onderdruk?

Hier het ons nie met geloofsaangeleenthede te doen nie, maar wel met staatkundige. Die antwoord hierop was ook bevestigend.

4. Is dit die reg en die plig van die vorste om ten behoewe van naburige volke in te meng wat onderdruk word omdat hulle die ware godsdiens huldig of wat deur enige ander in die oog lopende tiran onderdruk word?

Weereens is op albei vrae bevestigend geantwoord — dit was om hulp aan die Hugenote van buite te regverdig.

Ons wil volstaan by 'n paar argumente en stellings wat in hierdie belangrike geskrif voorkom. Daarin word kategories vermeld dat niemand as vors gebore word nie. Geen vors kan op sy eie bestaan of kan sonder 'n volk regeer nie. Aan die ander kant kan 'n volk wel op sy eie bestaan en bestaan inderdaad al voordat daar 'n koning is.

Selfs in lande soos Frankryk, waar die koningskap oorerflik was, is die kern van die saak die feit dat die keuse van 'n vors vrywilliglik deur die volk tot een familie beperk is.

'n Vors regeer nooit in sy eie reg nie: hy word deur God gekies en ingestel met toestemming van die volk.

Twee ooreenkomste word gepostuleer: In die eerste verbond — tussen die vors en die volk aan die een kant en God aan die ander kant — word beloof om die ware godsdiens te handhaaf en om God te gehoorsaam: hierdeur word dus godvrugtigheid beoog. In die tweede verbond — tussen die vors en die volk — belowe die vors om die welsyn van die volk te bevorder.

---

[5]) Oorspronklik in 1579 in Latyn uitgegee, gevolg deur verskillende herdrukke en vertalings.

Dis dus betreklik maklik om te bepaal wie 'n tiran is; hy is die persoon wat opsetlik die ooreenkoms waardeur hy sy gesag verkry het verontagsaam of verkrag. Die een soort tiran, d.w.s. die persoon wat wederregtelik sy gesag verkry het, wat geen aanspraak op sy posisie kan maak nie, is voëlvry en selfs die private burger kan hom weerstaan. Dan het ons die vors wat oorspronklik regmatig regeer het, maar wat later 'n tiran geword en die verbond met sy onderdane verkrag het: hy moet aan bande gelê word en kan selfs uiteindelik onttroon word; maar die volksmagistrate moet hulself eers daarvan vergewis of die optrede nie te wyte is aan onkunde, onbedagsaamheid of onbevoegdheid nie. Hierdie volksmagistrate se pligte teenoor die vors is dié van mede-voog: hulle moet toesien dat hy nie sy voogdyskap teenoor die volk verkrag nie. Die enkeling kan egter nie optree teenoor 'n vors wat 'n tiran geword het nie — vir hom is daar maar net lydelike verset (vgl. CALVYN se sienswyse hierbo). Die volk as geheel moet onder leiding van die volksmagistrate optree.

As 'n mens hierdie standpunt van die Hugenote, soos uiteengesit in die *Vindiciae*, lees, dan kom gedeeltes daarvan baie bekend vir 'n Afrikaner voor. 'n Mens dink dan onwillekeurig aan die voorspel tot die Eerste Vryheidsoorlog: die vryheidsdeputasie, die opneem van die volkstem, weer die deputasie — m.a.w. die gegewens moet ingesamel word en dan moet met sekerheid vasgestel word of die Engelse vorstin nie onkundig of onbedagsaam was nie. Toe dit alles vasgestel is, kon oorgegaan word tot die volksvergadering te Paardekraal, die Driemanskap en, uiteindelik, aktiewe verset.

In die Nederlande is baie dieselfde gedragslyn gevolg en baie dieselfde argumente as in Frankryk gebruik met die afswering van Filips II van Spanje in 1581. Die Stategeneraal konstateer o.a.:

> „Alsoo een yegelick kennelick is, dat een Prince van den Lande van Gods ghesteldt is Hooft over syne Ondersaten, om de selve te bewaren ende beschermen van alle ongelyck, overlast ende geweldt, ghelyck een Herder tot bewarenisse van syn Schapen: Ende dat d'Ondersaten niet en zyn van Gode geschapen tot behoef van den Prince, om hem in alles wat hy beveelt weder het goddelick oft ongoddelick, recht ofte onrecht is, onderdanich te wesen, ende als slaven te dienen: maer den Prince om d'Ondersaten wille, sonder dewelcke hy egheen Prince en is, om deselve met recht ende redene te regeeren, voor te staen, ende lief te hebben als een Vader syne Kinderen, ende een Herder syne Schapen, die syn lyf ende leven settet om deselve te bewaren. Ende soo wanneer hy sulcx niet en doet maer in stede van syne Ondersaten te beschermen, deselve soekt te verdrucken, t'overlasten, heure oude vryheyt, Privilegien ende oude herkomen te benemen, ende heur te gebieden ende gebruycken als Slaven, moet gehouden worden niet als Prince, maer als een Tyran, ende voor sulcks nae recht ende reden mach

ten minste van syne Ondersaten, besonder by deliberatie van de Staten van den Lande, voor egeen Prince meer bekent, maer verlaten, ende een ander in syn stede, tot beschermenisse van hen-lieden, voor over-hooft sonder misbruycken, gekosen werden, Te meer soo wanneer d'Ondersaten met ootmoedige verthooninge niet en hebben heuren voorsz. Prince konnen vermorwen, noch van syn tyrannigh opset gekeeren, ende also egeen ander middel en hebben om heure eygene, heurer Huysvrouwen, Kinderen, ende Nakomelingen aengheboren vryheyt (daersy nae de Wet der Natueren goet ende bloedt schuldigh zyn voor op te setten) te bewaren ende beschermen, gelyck tot diversche reysen uyt gelycke Landen, ende tot diversche tyden gheschiet, ende d'exempelen genoegh bekent zyn:"[6])

. . . . . . . .

Hier sien ons hoedat die reg tot verset deur 'n lang proses van ontwikkeling gegaan het van lydelike verset tot aktiewe verset. Waar die Kerk in Calvinistiese lande — anders as in Lutherse lande — sy onafhanklikheid in sy eie sfeer gehou het, is dit goed te begryp dat die bevolkings dikwels moes stry vir hul regte en nie maar net kon berus nie. Daarom vind ons dan ook dat die leer van aktiewe verset dikwels in beoefening gebring is.

E. F. W. Gey van Pittius

[6]) *Groot Placcaat Boek*, I, I, I. 3.